


# BAIE BELANGRIK:
## NA OES BEMESTING SORG VIR VERHOOGTE OPBRENGS

**by Jenny Slabber**

**Email:** info@talborne.co.za
**www.talborne.co.za**

Die sukses van die nuwe seisoen word bepaal deur die boom, wingerd of bessie stok se energie en voedings reserwes na oes. Vir groente moet die grond in staat wees om produksie en kwalitiet te lewer. Met 'n doelgerigte bemestings plan en aanvulling van die voedingstekorte skop jy die seisoen af op 'n goeie voet af vir 'n verhoogde oes.

### HOE GAAN ONS TE WERK OM 'N VERHOOGTE OES TE VERSEKER

1. **WAT JY KAN MEET KAN JY BESTUUR:**

   Begin met grond en blaar ontledings as basis vir jou beplanning om jou begroting effektief te bestuur en jou geld te belê waar jy profyt kan maak.

2. **KRY TEGNIESE RAAD OP AANBEVELINGS:**

   Indien jy nie kundig is op bemestings praktyke nie, is dit belangrik om 'n goed gekwalifiseerde raadgewer te betaal om vir jou 'n grond regstelling en 'n voedings-program op te stel. Dit kan baie geld spaar om strategiese beplanning te doen om 'n verhoogde oes te verseker. Faktore soos suur grond kan verhoogde opbrengs kniehalter. Dit kan goedkoop reggestel word deur die toediening van kalk om pH regstelling te verseker en sodoende optimale opname van plant voeding te kry en daardeur verhoogde opbrengs daar te stel.

3. **DOELGERIGTE BEMESTING VIR PROFYT:**

   Kyk na jou bemestings uitgawes as 'n belegging in jou besigheid. Met die Talborne Organiese benadering bou jy grond vrugbaarheid op met 'n "5-in-1" toediening: voedingstatus, koolstof vlakke, stimuleer voordelige mikrobes en grond lewe, verbeterde struktuur en water hou vermoë. Hierdeur is jou boom, wingerd of groente lande in staat om goeie oeste en gesonde kwalitiet te lewer.

4. **KIES KWALITIET BEMESTINGS BO GOEDKOOP:**

   "Goedkoop koop is duurkoop" as die kunsmis nie voldoen aan die behoeftes van die gewas nie. Van die algemene kunsmis produkte wat die boere gebruik is tot 50% en meer net vullers wat geen waarde bydrae lewer vir 'n suksesvolle boerdery nie. Partykeer wat goedkoop lyk kan tot 50% uitloog met swaar reënbuie of besproeiing. Talborne Organiese bemestings is 'n buffet van al die nutriënte benodig vir plant produksie en is geleidelik vrygestel deur mikrobes wat natuurlik aanteel as gevolg van die kwalitiet kos wat veroorsaak dat hulle floreer en aanteel, dus 'n gesonde grond omgewing sonder vêrdere duur aankope.

5. **MINDER TOEDIENINGS SPAAR GELD:**

   Talborne Organiese bemestings is geformuleer uit ryk bronne van vaste voedingstowwe wat "gebou is om the hou" en word langdurig vrygestel. Dit bring mee dat geld gespaar kan word met verminderde arbeid, vervoer, diesel, kunsmis toediening, grond kompaksie en bestuur deur 'n volledige bemesting te plaas. Met boom gewasse soos vrugte en neute, of wingerd en bessies is 2 of 3 toedienings VITA per jaar genoeg vir 'n goeie oes. Op groente, aarbeie en akkerbou is bemestings met plant dikwels genoeg om deur te druk tot na oes. Die NOURISH vloeibare bemestings kan elke 14 dae toegedien word vir byvoeding indien nodig om suksesvolle oeste te verseker.

6. **VERMY DIE WISSELING VAN HOE EN LAE PRODUKSIEJARE:**

   Baie boom gewasse soos avokado's, sitrus en neute is veral geneig om na 'n groot produksie jaar gevolg te word met na 'n arm jaar daarna terwyl die boom en grond weer energie opbou vir 'n swaar oes.Dit kan reggestel word indien die boom reg gevoed word deur te verseker dat die korrekte vlakke van Fosfaat(P), Stikstof(N) en Magnesium(Mg) daargestel word. Dit lewer 'n baie groot bydrae tot effektiewe fotosintese en die oorskakeling van sonkrag na plant energie.

7. Talborne Organiese bronne is ryk aan natuurlike opneembare fosfaat (P), proteïen stikstof(N), kalsium (Ca) en spoor nutriënte soos yster (Fe), Sink (ZN) Swael (S) ens. wat optimale oes en kwaliteit verseker.

**Belegging in jou produksie gronde bou op en verseker 'n gesonde boerdery en goeie profyt vir die besigheid.**

**Sales Enquiries**
Tel: 013 933-3172 / 061 454-9632 or
Cell: 079 896 5814
Email: info@talborne.co.za

Talborne Organics
Growing Health